VAN ONS DIAKONIE

Hierdie is die voorlaaste Op die Kerkwerf van hierdie jaar. Ons wil graag langs hierdie weg baie dankie sê aan Gerhard en Sonet Turkstra vir al die hamburger- en worsbroodjies wat Turkstra elke hamburgerbraai vir die Diakonie skenk. Dit word baie waardeer. Dit maak die maandelikse hamburgerbraai finansieel die moeite werd.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Di	03/12	**Tienie Venter (90),**. Wyk 14

Bede met meelewing: Skrifberyming 18-7: 1 (45)

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 39 Sondag 1 Desember 2024
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste:
Ouderlinge: Wyk 1 **Chris van Ryssen** en Wyk 2 **Klaas Wyma**
Diakens: Wyk 1 **is vakant** en Wyk 2 **Frans Drijfhout**
Skinkbeurt: Wyke 13 en 14. Wyksuster Wymie du Plessis

EREDIENSTE Oggend prof Callie Coetzee, aand teologies student Eugene du Plessis

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Prof. Callie Coetzee neem vanoggend sy preekbeurt in die gemeente waar. Ons is dankbaar vir die mooi gawes wat die Here in prof. Callie aan die gemeente gegee het en verseker hom en Susan van ons voorbidding vir hulle. 'n Geseënde rustyd vol verkwikking word hulle met hulle geliefdes toegebid wanneer prof. Callie van 17 Desember tot 7 Januarie met verlof sal wees.
Woordbediening: Handelinge 17.
Sing: Skrifberyming 1-3: 1, 2 (61); Skrifberyming 12-2: 1, 2, 3, 4, 5(27); Psalm 40:4, 5; Skrifberyming 15-7:1, 2(43); Psalm 138:2, 3.
Sing met meelewing: Skrifberyming 18-7: 1 (45).

AAND: Ons verwelkom vanaand teologiese student Eugene du Plessis wat ons in die erediens sal voorgaan. Eugene het met die Teologiese Skool se promosieplegtigheid vanjaar preekverlof ontvang en sal DV volgende jaar finale jaar wees en die kandidaatsertifikaat aan die einde van sy studies verwerf. Ons bid Eugene die ryke seën van die Here toe!
Woordbediening: Johannes 20:19-30 (AFR'83).
Fokusverse: Johannes 20:28-29.
Sing: Psalm 75:1, 2, 3; Psalm 103:1, 2, 3; Psalm 119:17, 19; Psalm 62:1, 2, 3, 4.

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in ROOI sakkies vir die ***Teologiese Studentekas***
VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
(Spesiale kollekte volgende week: ***GKSA Sustentasiefonds)***

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Jane Coetzee en haar dogter **Tillie Stander** het die afgelope week na Hartenbos verhuis. Jane het vanaf haar geboorte vir 87 jaar in Potchefstroom gewoon en was ongeveer 70 jaar lidmaat van ons gemeente. Ons bede is dat hulle steeds die Here se seën en genade sal ervaar en ook kerklik 'n geestelike tuiste sal vind.

Marietjie Havenga het die afgelope tyd operasies aan beide oë ondergaan. Ons is dankbaar vir die vordering wat gemaak word, en dit is ons bede dat haar visie ook met tyd volkome mag verbeter. Daarby moet Kobus môre 'n opvolgbesoek by die dokter bring ná die operasie wat hy 'n tyd gelede ondergaan het. Ons verseker Kobus en Marietjie van ons voorbidding vir hulle.

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Ons maak met innige leedwese bekend dat **Ita Schulze** verlede Sondagnag oorlede is nadat sy vroeër die dag in Mediclinic opgeneem is. Mag ons troue Verbondsgod haar dierbares ryklik vertroos en haar nagedagtenis vir almal wat haar lewenspad gekruis het, tot seën wees. Sy was 'n skoonsuster van Betsie Schutte. Die teraardebestelling en troosdiens het Vrydag plaasgevind.

Ons betuig ook ons innige meegevoel met **Jeanette Fourie** haar kinders en ander dierbares, nadat Corrie Maandagaand in die Here ontslaap het. Mag ons hemelse Vader hulle in sy liefde omvou en ryklik vertroos. Met die opstel van *Op die Kerkwerf*, was die begrafnisreëlings nog nie bekend nie.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring. Ons is dankbaar dat **Martin van der Bergh** na 'n klompie maande in die VSA vroeg in die week kan terugkeer na Suid-Afrika. Ons vertrou dat dit vir hom, Denise en vir Mynhardt en Reghardt 'n vreugdevolle herontmoeting sal wees!

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Al die gemeentelike werksaamhede hervat DV vroeg in 2025.				

VERLOF: DS JANNES EN PROF. CALLIE

Ds. Jannes sal van die naweek van 1 Desember af vir drie weke met verlof wees. Hy sal wel op 8 Desember met die bediening van die doop in die erediens voorgaan. Volgens die afspraak met die kerkraad sal ds. Jannes weer vanjaar (elke derde jaar) oor kersfees die Woordbediening waarneem. Kontak asseblief in die tyd van ds. Jannes se verlof in geval van nood u wyksouderling of prof. Callie.

Prof. Callie sal vanaf 17 Desember tot 7 Januarie met verlof wees. Lidmate onder prof. Callie se sorg kan in hierdie tyd ds. Jannes onverwyld kontak.

WYKSINDELING HERSIEN

Die vergadering van die ouderlinge met diakens het opdrag gegee dat die indeling van wyke hersien moet word, omdat:
1. daar 'n tekort is aan ampsgawes om met die huidige indeling voort te gaan;
2. die indeling nie heeltemal geografies is nie, en ouderlinge en diakens ver afstande moet reis om huisbesoek te doen.

Die herindeling is afgehandel en word aan die kerkraad voorgelê vir goedkeuring dit sal spoedig met u gekommunikeer word.

Projek van die 1994-*Kombinasie van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* vir die versorging van emeriti en hul weduwees. (EVK)

Dr Wymie du Plessis (Admin Buro)
wymiedup@gksa.co.za 083 575 5786 / 018 297 3986

Liewe brs. en srs.,

Aan die einde van 2024 kan ons met groot dankbaarheid terugkyk na die seëninge van die Here oor die afgelope twee jaar ten opsigte van die versorging van ons emeriti en emeritusweduwees.

2022 LEDEVERGADERING

Met 2022 se Ledevergadering het ons ‘n tekort van R11,5m per jaar oor die volgende 10 jaar in die gesig gestaar. Dit sou ‘n vermindering van 25% in die versorgingsbedrag vereis. Ons het egter nie die versorging verminder nie. Die kerke het besluit op ‘n spesiale projek, *Sorg Met Eer,* (SME) om deur die vrywillige bydraes van kerke en lidmate, die ramings en kollektes aan te vul met die R11,5m om die 25% verlaging te verhoed. Dit was die regte en eerbare ding om te doen.

2023 LEDEVERGADERING

Die Here se seën het nie uitgebly nie. Ons kerke en lidmate het positief bygedra, en deur die bewusmaking van *Sorg Met Eer* het die betaling van ramings en kollektes ook verbeter. Die syfers voor die 2023 Ledevergadering het veel beter gelyk en ons het besluit op ‘n 2,5% verhoging in die versorgingsbedrag, wat toe reeds vir ses jaar dieselfde gebly het.

2024 LEDEVERGADERING

Die 2024 Ledevergadering van 18/5/24 kon verneem dat die SME-berg van R11,5 oor tien jaar afgeplat het na R6m oor 5,5 jaar, en het weer ‘n verhoging van 2,5% toegestaan.

Ons kan nou met groot dankbaarheid berig dat waar daar vir die 1/7/23-30/6/24 boekjaar ‘n geprojekteerde tekort van R5,085,367 was, die werklike tekort slegs R613,004 was.

DIE PAD VORENTOE

As ons vir nog so vyf jaar kan volhou met die *Sorg Met Eer* projek en ons ramingsinkomste kan handhaaf, het ons die groot olifant in die kamer van 2022 opgeëet, stukkie vir stukkie! Ons kan die Here nie genoeg daarvoor dank nie!

‘N LAASTE, EIND-2024 VERSOEK

Daardie R613,004 wat ons nog tekort geskiet het, is min of meer wat die 2,5% verhoging ons gekos het. Daardie verhogingkie was absoluut noodsaaklik. Kom ons probeer met ‘n laaste *Sorg Met Eer* eindpoging in die dankbare gees van die Kersseisoen wat op hande is, om daardie R600k nog hierdie jaar af te dek!

Ons doen ‘n beroep op al ons kerkrade, ons sustersorganisasies en ons individuele lidmate om ‘n ekstra bydrae tot die *Sorg Met Eer* projek te maak, voor die gordyn oor 2024 sak. U kan dit per EFT doen in die volgende rekening:

Geref Emeritaatstrust, **ABSA, rek**. 670 288 412. **Verw**: SME, jou naam en gemeente. **Bewys na** wymiedup@gksa.co.za

Met groot dank, **Dr. Edmund de Beer Ds. Cassie Aucamp**

Voorsitter Deputate Projekleier SME

Liewe lidmaat

Moryom is die negejarige dogtertjie van ’n pastoor in Bangladesj. Haar ouers het vanuit die meerderheidsgeloof, Islam, na die Christendom tot bekering gekom.

“*Die dorpsbewoners hou nie van ons nie omdat ons Christene is*,” sê Moryom. Eendag het ’n meisie by die skool vir Moryom gevra of sy saam met haar op die dak wou speel. Sy was bly om geselskap te hê, want baie min kinders wou met haar speel. Hulle het op die dak geklim en begin rondhardloop. Die volgende ding wat sy onthou, was dat sy op die grond beland het. Alles het wasig gelyk, en sy kon die pyn voel terwyl sy afgekyk het na die snye en kneusplekke op haar hande en voete.

Moryom het probeer onthou wat gebeur het. Sy onthou hoe sy met die trappe opgeklim het, hoe hulle rondgehardloop het en sy naby die kant van die dak gaan sit het. Die laaste ding wat sy kon onthou, was toe sy die ander meisie hoor sê het: “*Jy is ’n Christen!*”, en daarna ’n harde stamp van agter gevoel het. Terwyl sy op die grond gelê het, kon sy sien hoe die ander meisie na haar afkyk.

Haar storie is moeilik, maar die vingerafdrukke van die Heilige Gees is daaroor. Met haar liefde vir die Bybel en onderrig by die Kinderkerk, is Moryom ’n voorbeeld van kinderlike geloof en gehoorsaamheid.

“*Ek vergewe hulle omdat ek ’n Christen is!*”

Moryom en ander kinders soos sy het jou hulp nodig om ondanks die haat wat hulle ervaar aan hulle geloof vas te hou.

Wat dalk na ’n klein geskenkie lyk – ’n Bybel van haar eie en ’n plek by ’n vakansiekamp – kan vir ’n kind soos Moryom broodnodige verligting bring. Jy kan haar daaraan herinner dat sy kosbaar is in die Here se oë, al word sy in haar eie dorp gehaat.

Vind ons bankbesonderhede hieronder, indien jy ’n donasie deur ‘n Internet-oorplasing (EFT) wil maak:

Nedbank 'Business Account' (198765) Geopende Deure - Open Doors NPC Rekeningnommer: 113 750 4552